higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
(Eerste Vraestel)

**NKR VLAK 2**

(4101042)

**15 November 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–11:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

.

Kopiereg voorbehou

**TYD: 2 UUR**
**PUNTE: 140**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit ses afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip – Tydskrifartikel
   AFDELING B: Opsomming – Tydskrifartikel
   AFDELING C: Lees en kyk – Simbole, grafiek en advertensie
   AFDELING D: Taal in praktyk en taalversorging – Tydskrifartikel en advertensie
   AFDELING E: Kommunikasie in praktyk – Strokiesprent en kommunikasieproses

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat 'n reël oop tussen antwoorde.

6. Begin elke afdeling se antwoorde op 'n NUWE bladsy.

7. Let op die puntetoekenning by elke vraag.

8. Beplan jou tyd.

9. Trek 'n duidelike streep deur alle werk wat nie nagesien moet word nie. Waar jy dit nie doen nie, sal jou eerste poging nagesien word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

---

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande artikel aandagtig deur en beantwoord die vrae.



Deel van 'n WhatsApp groep? Pasop!
Deur – Carmen Botma

Dat jy moet oppas vir wat jy op sosiale media kwytraak, is vir niemand nuus nie. Maar het jy geweet WhatsApp-groepe kan net so gevaarlik wees? Veral vir die persoon wat die groep begin het.

As jy al ooit deel van 'n WhatsApp-groep was, weet jy hoe vinnig boodskappe heen en weer kan vlieg as almal eers hul mening oor 'n onderwerp wil lug. Dalk deel hulle ook prente, foto's of video's, maar jy kyk skaars daarna. Jy wis nie die groep uit nie, hoewel die boodskappe nie vir jou snaaks is nie, jy nie hul menings deel nie, en die groep dalk nie eens meer sy doel dien nie. Geen haan sal dalk ooit daarna kraai nie, tot dié boodskappe verder versprei…

Bertie Grobbelaar, direkteur by Van Velden-Duffey Prokureurs, waarsku mense moet versigtig wees met WhatsApp-groepe, veral as jy die stigter (sogenaamde *admin*) is.

In 2016 is die eienaar van 'n Facebook-blad deur die Noord-Gautengse Hoogge-regshof skuldig bevind aan naamskending nadat 'n lasterlike inskrywing op die blad verskyn het. Die hof het bevind selfs al het jy die inskrywing nie self gemaak nie, is jy skuldig aan naamskending indien jy dit nie onmiddellik verwyder nie. Deur die inskrywing daar te laat, vereenselwig jy jou met die boodskap.

Hierdie regsbeginsel kan ook op WhatsApp-boodskappe van toepassing wees.

'Die skep van groepe op WhatsApp beteken dit word 'n openbare platform. Boodskappe tussen lede van sulke groepe is lankal nie meer private gesprekke nie. Buiten dat die plasing van 'n boodskap reeds binne die groepverband aan die elemente van laster kan voldoen, kan die boodskap ook soos 'n veldbrand versprei met die potensiaal om geweldige skade te veroorsaak,' het Grobbelaar aan SARIE.com gesê.

Die uiteindelike verantwoordelikheid vir wat in die groep gedeel word, rus op die administrateur van die groep en so 'n persoon kan persoonlik aanspreeklik gehou word vir skade.

Wat kan jy, as *admin*, doen?

- Administrateurs van groepe moet deeglik besin oor wie in die groep toegelaat word. Die groep moet ingelig wees oor die beleid wat bepaal wat aanvaarbaar is en wat nie. Deel hierdie reëls gereeld – veral as daar 'n nuweling in die groep is.
- Verbied kommentaar wat diskrimineer (ten opsigte van ras, etnisiteit, geslag, seksuele oriëntasie, geloof, ens.) en tree onmiddellik op indien die reëls oortree word.
- Vra jouself af: As die inhoud (foto's, kommentaar, video's, ens.) buite die groep gedeel word, sal iemand in moeilikheid beland?
- Lede wat nie die reëls gehoorsaam nie, moet uitgeskop word.

[*Verwerk uit: w.sarie.com/lewe-liefdes/hieroor-praat-mense/1deel-van-n-whatsapp-groep-pasop/*]

1.1 Wat is volgens bogenoemde artikel vir niemand nuus nie? (1)

1.2 Vir wie kan 'n WhatsApp-groep spesifiek gevaar inhou? (1)

1.3 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3) in die ANTWOORDBOEK neer. Motiveer jou antwoord deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal.

'Persone reageer stadig wanneer hul hulle menings oor 'n onderwerp wil lug.' (3)

1.4 Wat beteken die idioom 'geen haan sal ooit daarna kraai nie'? (2)

1.5 Wie is 'n direkteur van Van Velden-Duffey Prokureurs? (1)

1.6 Wie is in 2016 deur die Noord-Gautengse Hooggeregshof skuldig bevind aan naamskending? (1)

1.7 Wat was die Hooggeregshof se beslissing in die saak waarna in VRAAG 1.6 verwys word? (2)

1.8 Kan die regsbeginsel in VRAAG 1.7 op alle WhatsApp-boodskappe van toepassing wees? (1)

1.9
1.9.1 Wie het met Bertie Grobbelaar die onderhoud gevoer?

1.9.2 Waar is hierdie artikel gepubliseer?

(2 x 1) (2)

1.10 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.10) in die ANTWOORDBOEK neer. Motiveer jou antwoord deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal.

'WhatsApp boodskappe bly privaat.' (3)

1.11 Wat is die eindresultaat wanneer WhatsApp-groepe geskep word? (1)

1.12 Watter TWEE goed kan volgens Bertie Grobbelaar verkeerd gaan sodra 'n WhatsApp-boodskap geplaas word. (2)

1.13 Wie is verantwoordelik vir die boodskappe wat op die groep met mekaar gedeel word? (1)

1.14 Wie is die persoon wat aanspreeklikheid moet aanvaar vir dinge wat op die groep geskryf word? (1)

1.15 Hoekom is die afkorting 'admin' orals in die teks kursief (skuins) gedruk? (1)

1.16 Mense plaas nie net boodskappe op WhatsApp-groepe nie.

Noem nog TWEE ander items wat hulle op WhatsApp kan plaas. (2)

1.17 Noem DRIE stappe wat 'admin' kan neem om seker te maak dat hul WhatsApp-groep nie verkeerd aangewend word nie. (3)

1.18 Stem jy saam met die artikel dat 'admin' verantwoordelik gehou moet word? Motiveer jou antwoord. (2)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**



## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: TYDSKRIFARTIKEL

**INSTRUKSIES**

Lees die artikel *Ruk jou geldsake reg!* aandagtig deur. Volg die instruksies hier onder noukeurig en maak 'n opsomming van die artikel.

- Skryf SEWE wenke neer oor hoe om jou geldsake reg te ruk sodat jy kan spaar.
- Skryf elke wenk as hoofgedagte in 'n goeie VOLSIN neer.
- Skryf jou sinne ONDER MEKAAR en puntsgewys van nommer 1 tot 7 neer.
- Laat 'n REËL OOP tussen sinne.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die GETAL WOORDE aan die einde van die opsomming aan.

**Ruk jou geldsake reg!**

Maak twee lyste: een van jou inkomste en een van al jou uitgawes.

Prioritiseer nou jou uitgawes. Nommer een op dié lys is jou skuld. Daarna skryf jy jou ander noodsaaklike uitgawes neer soos jou huispaaiement, petrol, kos en versekering. Heel onder op jou lys van uitgawes kom luukshede soos fliek en uiteet.

Begroot ook vir onvoorsiene uitgawes soos doktersbesoeke of verjaardaggeskenke, dan hoef jy nie skuld te maak om dit te betaal nie. As jy die maand geen onvoorsiene uitgawes gehad het nie, gebruik daardie geld om jou skuld te betaal.

Tel elke lys se totale bedrag op en kyk of jou begroting klop. As jou inkomste minder as jou uitgawes is, begin dan van onder af op jou lys van uitgawes sny (dus die luukshede soos fliek en uiteet).

Hou by jou begroting, al is dit hoe moeilik. Jy gaan dalk die eerste maand of twee sukkel, maar daarna word dit al hoe makliker en dis naderhand 'n gewoonte om daarby te hou.

As jy aan die einde van die maand geld oor het, betaal dit ook op jou skuld af. Jou begroting moet realisties wees.

[*Verwerk uit: Sarie 12 Maart 2013*]

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: LEES EN KYK

### VRAAG 3: SIMBOLE

Bestudeer die onderstaande SIMBOLE en beantwoord dan die vrae.




[*Verwerk uit: https://www.google.co.za/search?q=symbols+signs*]

3.1 Watter simbool dui aan dat daar nie drank gebruik mag word nie? (1)

3.2 Wat beteken simbool D? (1)

3.3 Wat beteken simbool E? (1)

3.4 3.4.1 Wat doen die mannetjie in simbool B?

3.4.2 Dink jy dit is 'n goeie karaktereienskap om so op te tree?

(2 x 1) (2)

3.5 Verduidelik die betekenis van simbool A. (1)

3.6 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.6) in die ANTWOORDBOEK neer. Verduidelik jou antwoord.

'Simbool H kan byvoorbeeld in 'n museum gevind word.' (2)


3.7 Wat beteken simbool I? (1)

3.8 As jy laatnag reis en 'n slaapplek soek, watter padteken sal jy graag wil sien? (1)

**[10]**

**VRAAG 4: GRAFIEK**

Bestudeer die onderstaande sirkelgrafiek en beantwoord dan die vrae.




[Verwerk uit: www.google.co.za/search?q=grafiek+van+kospryse/]

4.1 Watter aspek van die boerdery benodig die minste geld?

4.2 Hoeveel van die totale boerderykoste is in 2013 op veevoer spandeer?

4.3 Wat is die verskil in uitgawes vir *dip* en *verpakking*?

4.4 Noem EEN aspek wat jy dink deel kan uitmaak van 'ander' koste.

4.5 Watter persentasie van die kostes is aan brandstof spandeer?

(5 × 1) **[5]**

**VRAAG 5: SIERADVERTENSIE**

Bestudeer die onderstaande sieradvertensie en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: innibos.co.za]

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Watter fees se programbekendstelling word hier geadverteer? | (1) |
| 5.2 | Watter wêreldrekord probeer die organiseerders opstel? | (1) |
| 5.3 | Noem TWEE wyses waarop die leser se aandag in hierdie advertensie getrek word. | (2) |
| 5.4 | Hoeveel moet jy betaal om vir hierdie aktiwiteit in te skryf? | (1) |
| 5.5 | Wat moet jy saambring om te kan deelneem? | (2) |
| 5.6 | Noem TWEE borge wat hierdie kompetisie ondersteun. | (2) |
| 5.7 | Noem EEN manier waarop belangstellendes met die organiseerders in verbinding kan tree. | (1) |
| 5.8 | Noem TWEE van die kunstenaars wat by hierdie fees gaan optree. | (2) |

5.9 Hoeveel mense word benodig om die wêreldrekord te breek? (1)

5.10 Wat gaan die organiseerders vir jou gee om jou te help met hul braaipoging? (1)

5.11 Wat is die slagspreuk van hierdie bekende fees? (1)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

## AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK EN TAALVERSORGING

### VRAAG 6: TYDSKRIFARTIKEL

Voltooi die sinne in KOLOM A hier onder deur die instruksies in KOLOM B uit te voer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1–6.26) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B | |
|---|---|---|
| (6.1 Niemand) hou regtig daarvan om huis skoon te maak in hul vrye tyd nie, maar die (6.2 werklikheid/werklikhyd) is dat jou woonplek baie vinnig baie vuil kan word. En hoewel ons tog 'n punt daarvan maak om (6.3 …) stofsuig en af te stof, is daar klaarblyklik 'n hele paar vuil plekke wat ons tydens ons (6.4 week) skoonmaaksessies miskyk. | 6.1 Gee die antoniem.<br>6.2 Kies die korrekte spelling.<br>6.3 Skryf die ontbrekende woord neer.<br>6.4 Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) |
| Sue (6.5 moore), die (6.6 voorsitter) van die Bright & Beautiful-skoonmaakdiens in Brittanje, onthul die plekke waar huismense dikwels (6.7 vergeet) om skoon te maak … | 6.5 Korrigeer die hoofletterfout.<br>6.6 Gee die vroulike vorm.<br>6.7 Gee die antoniem neer. | (1)<br>(1)<br>(1) |
| 'Die meeste mense kan nie die laaste keer onthou toe hulle die (6.8 afstandbeheerder ligskerms, gloeilampe of gordynspore) skoongemaak het nie,' sê Sue. (6.9 'Veral as jy troeteldiere het, sal jy verbaas wees waar hul hare oral beland,' sê sy.) 'Ons sien dit elke dag wanneer ons stofsuiersakke leegmaak(6.10 !)' | 6.8 Vul die ontbrekende leesteken in.<br>6.9 Skryf die sin in die indirekte rede. Begin met Sy sê…<br>6.10 Wat word hierdie leesteken (!) genoem en watter funksie verrig dit? | (1)<br>(2)<br>(2) |

| | | |
|---|---|---|
| Ja, (6.11 lewende organismes het ook spesiale aandag nodig.) Sue stel voor dat jy vir 'n slag die (6.12 plante) in jou huis van naderby bekyk. Vee (6.13 eenvoudg) die blare (6.14 vinnig) af of stel jou (6.15 haardroer) op koud en blaas die stof weg. | 6.11 Skryf die sin in die negatiewe vorm.<br>6.12 Gee die verkleiningsvorm.<br>6.13 Korrigeer die spelfout.<br>6.14 Gee die oortreffende vorm.<br>6.15 Korrigeer die spelling. | (2)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) |
| '(6.16 Buite-asblikke is 'n natuurlike opgaarplek vir stof) en (6.17 kiem), selfs al maak ons seker vullis word netjies in sakke (6.18 toegeknoop),' sê Sue. 'Met buite-asblikke wat (6.19 minder) gereeld leeggemaak word, word dit die blyplek van miljoene kieme. Dit moet dus gereeld behoorlik skoongemaak en ontsmet word.' | 6.16 Verander die sin in 'n vraagsin.<br>6.17 Gee die meervoudsvorm.<br>6.18 Verdeel in lettergrepe<br>6.19 Gee die oortreffende trap. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) |
| Dit geld ook (6.20 …) die asblik in jou (6.21 kombuis). Al gebruik jy vullissakke, maak seker dat jy die kombuisasblik gereeld (6.22 binne in) ontsmet! | 6.20 Voeg die korrekte voorsetsel in.<br>6.21 Gee die meervoudsvorm.<br>6.22 Hierdie is 'n koppelteken nodig. Plaas dit op die regte plek. | (1)<br>(1)<br>(1) |
| As jy van jou groente in 'n (6.23 mandjie) of rakkie buite jou yskas bêre om dit (6.24 koel) te hou, maak seker jy maak ook daar skoon. 'Dit is veral belangrik as dit in jou kombuis is,' waarsku Sue. | 6.23 Gee die meervoudsvorm.<br>6.24 Gee 'n sinoniem. | (1)<br>(1) |
| 'n Nat, warm badkamer kan die teelaarde wees vir (6.25 bakterie) en volgens Sue is hier ook plekke waarvan ons (6.26 dikwels) vergeet wanneer ons skoonmaak. Dit sluit in stortkoppe, (6.27 handdoekrakke), kinders se badspeelgoed en tandeborselhouers. | 6.25 Gee die meervoudsvorm.<br>6.26 Gee die antoniem.<br>6.27 Verdeel in lettergrepe. | (1)<br>(1)<br>(1) |

[Verwerk uit: www.goeiehuishouding.co.za/professionele-skoonmakers-wys-die-plekke-uit-wat-ons-vergeet-om-skoon-te-maak/] **[30]**

## VRAAG 7: PROMOSIE-ADVERTENSIE

Lees die advertensie hier onder aandagtig deur en voer dan die opdragte uit wat daarop gebaseer is.

**BUITEBIOSKOOP**

Die Buitebioskoop vind (7.1 hierdie jaar) op 16 (7.2 September) in die Botaniese Tuin in Pretoria plaas. Sodra die son teen 18:00 se kant sak, skop ons af met die kinderproduksie *Khumba* in Afrikaans om seker (7.3 …) maak die kleiner (7.4 outjies/oukies) deel in die pret. Daarna kyk ons *Nul is nie niks nie* – 'n heerlike (7.5 gesin + fliek) met goeie waardes, 'n goeie skeut aksie en 'n hartroerende storie. Ons sluit die aand af met ons laataandfliek, *Die Rebellie van Lafras Verwey*, vir die ernstige (7.6 vliekgangers). (7.7 ons) sal sorg dat daar koffie is om jou warm te hou terwyl jy dié swaargewig Afrikaanse film geniet. Bring gerus vir die kinders 'n ekstra kombers en kussing saam sodat hulle deur die laataandfilm kan slaap.

Die skerm wat vir die Buitebioskoop ingespan word, is 14 (7.8 meter) wyd en drie (7.9 verdiep) hoog. Dit laat jou voel of jy in 'n teater sit, maar met dieselfde nostalgie en atmosfeer as in 'n (7.10 inruiteater/inryteater).

[Verwerk uit: http://www.maroelamedia.co.za/vermaak/flieks/buitebioskoop-dis-weer-tyd-vir-fliek]

7.1 Gee een woord.

7.2 Skryf die afkorting van die woord neer.

7.3 Voeg die ontbrekende woord in.

7.4 Kies die regte spelling.

7.5 Skryf 'n samestelling neer.

7.6 Korrigeer die spelfout.

7.7 Korrigeer die skryffout.

7.8 Skryf die afkorting van die woord neer.

7.9 Korrigeer die fout sodat die woord in die sin pas.

7.10 Kies die korrekte spelling.

(10 x 1) **[10]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK**

**VRAAG 8: STROKIESPRENT**

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord dan die vrae.




[*Verwerk uit: ttps://www.google.co.za/search?q=spotprente*]

8.1 Verskeie opsies is gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.1–8.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

8.1.1 Die kommunikasie wat plaasvind tussen die man en die vrou is …

A interpersoonlike kommunikasie.
B intrapersoonlike kommunikasie.
C ekstrapersoonlike kommunikasie.
D massakommunikasie.

8.1.2 Die kommunikasie wat tussen die muis en die mense voorkom, is 'n voorbeeld van …

A interpersoonlike kommunikasie.
B intrapersoonlike kommunikasie.
C ekstrapersoonlike kommunikasie.
D massakommunikasie.

8.1.3 Die doel van die strokiesprent is om die leser te ...

A oortuig.
B vermaak.
C skok.
D onderrig.

8.1.4 Die stemtoon wat die man waarskynlik gebruik, is …

A moedeloos.
B kwaad.
C moeg.
D ernstig.

8.1.5 Die musieknote aan die regterkant van die skets dui op ...

A die eggo van die pa se stem.
B sketse wat die kinders daar gemaak het.
C muurpapier.
D musiek op die televisie.

(5 × 1) (5)

8.2 Dink jy hierdie seun het graad 12 geslaag? Motiveer jou antwoord. (2)

8.3 Wie dink jy is die persoon wat regs van die pa staan? (1)

8.4 Wat is die kanaal (medium) waardeur die pa sy boodskap stuur? (1)

8.5 Noem TWEE dinge waaruit ons kan aflei dat die seun baie lui en nie baie netjies is nie. (2)

8.6 Kies die regte woord uit dié tussen hakies:

Die seun se liggaamshouding is 'n voorbeeld van (verbale/nieverbale) kommunikasie. (1)

8.7 Hoekom is daar 'n vraagteken in die muis se praatwolkie? (1)

8.8 Ly die seun in die strokiesprent honger? Motiveer jou antwoord. (2)

8.9 Indien die klank van die televisie so hard is dat die man se vrou hom nie kan hoor nie, is dit 'n vorm van 'n (fisiese/fisiologiese hindernis). (1)

8.10 Kies die regte item uit dié tussen hakies:

Die televisie waarna die kinders kyk, is 'n voorbeeld van (massakommunikasie / interpersoonlike kommunikasie). (1)

8.11 Indien die seun lê en wonder wat hy vir middagete gaan kry, is dit 'n voorbeeld van (interpersoonlike/intrapersoonlike kommunikasie). (1)

**[18]**

## VRAAG 9: KOMMUNIKASIEPROSES

9.1 Teken 'n spinnekopdiagram om die verskillende elemente van die kommunikasieproses te wys. Verskaf 'n toepaslike opskrif vir jou skets. (8)

9.2 Verskeie beginsels geld wanneer ons doeltreffend met mekaar wil kommunikeer.

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.2.1–9.2.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 9.2.1 | Die antwoord moet by die vraag pas. | A | gehoor |
| 9.2.2 | Jou boodskap moet by hierdie teikengroep pas. | B | doel |
| 9.2.3 | Jy moet jouself so uitdruk wanneer jy kommunikeer. | C | terugvoering |
| 9.2.4 | Dit moet deur jou kommunikasie bereik word. | D | duidelikheid |

(4 × 1) (4)
**[12]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL 140**

NCV

Kopiereg voorbehou